11. Deputate Nasionale Sinode

11.1 RAPPORT DEPUTATE NASIONALE SINODE – RAPPORT OOR STUDIE – FREKWENSIE EN DUUR VAN SINODE (Artt 11, 161, 211, 321, 325)

A. Ds CA Jansen lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Punt 2.1.1 word verwys na die Ordekommissie vir 'n aanbeveling van 'n Kommissie pre-advies.
C. Punt 2.2.1 word verwys na Beswaarskrifkommissie 2.
D. Punt 2.2.2 word verwys na die Kommissie Diakonale Sake.
E. Punt 2.2.4 word verwys na Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.
F. Punt 2.2.5 word verwys na die Kommissie Ekumenisiteit.
G. Punt 2.2.6 word verwys na Kommissie Christelike Onderwys.
H. Dr D Lartz rapporteer namens die Ordekommissie as Kommissie pre-advies (2.1.1).
I. Ds PJ Venter rapporteer namens Beswaarskrifkommissie 2 (2.2.1).
J. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Kommissie Diakonale Sake (2.2.2).
K. Dr WC Opperman rapporteer namens Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik (2.2.4).
L. Prof SJ van der Merwe rapporteer namens die Kommissie Ekumenisiteit (2.2.5).
M. Ds JH Venter rapporteer namens die Kommissie Christelike Onderwys (2.2.6).

N. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Opdragte*

1.1.1 Opdrag Nasionale Sinode 2006 (Acta 2006:826, art 24.3, punt F 3)

1.1.2 Uitstaande opdragte van die Algemene Sinode 1988.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Opdrag Nasionale Sinode 2006 – frekwensie en duur van Sinodes.*

1.2.1 Prosedure by Appèlle en Beswaarskrifte – 'n afsonderlike Rapport hieroor is in die Agenda opgeneem. Ook moet 'n Rapport oor Beswaarskrifte dien (Acta 2006:842).

1.2.2 Alle Rapporte en Beskrywingspunte behoort primêr staande die vergadering afgehandel te kan word (KO, art 30). Sinode 1976 (Acta 1976:14-19, art 12) het egter op 'n werkswyse besluit (wat in volgende Sinodes uitgevoer is). Die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Noordwes in 2006 het hierdie werkswyse nie verreken nie (KO, art 46).

1.2.3 Rakende die beslegting van besware het vorige Sinodes reeds op 'n werkswyse/prosedure ooreengekom (Acta 1967:349-350; Acta 1991:526-528 en Acta 1994:51-55). Vir die spoedige beslegting van besware behoort beswaardes sowel as kerklike vergaderings wat hierdie besware hanteer, te let op KO, artt 30 en 46. Aparte prosedures en strukture gaan hierdie situasie nie verbeter nie. Persoonlike en gesamentlike verantwoordelikheid is nodig. Dit bring vanself mee dat Agendas van Sinodes kleiner word. Die huidige werklikheid van al dikker-wordende Agendas skep die indruk dat kerklike besluite al meer van Sinodes afhanklik gemaak word (Sinodokrasie), terwyl die plaaslike kerk en die belangrikste meerdere vergadering (Klassis – KO, art 41) al minder verantwoordelikheid neem (KO, art 30).

1.2.4 <u>Praktiese sake</u>

1.2.4.1 Kostes: die Beskrywingspunt (Acta 2006:824, 5) wys in elk geval dat die kostes vir 'n hoër frekwensie duurder is.

1.2.4.2 Deputategroepe: Deputate kry ’n jaar minder tyd om opdragte uit te voer en af te handel. Binne die realiteit van werksprogramme lyk dit nie prakties uitvoerbaar te wees nie.

1.2.4.3 Afvaardiging: afgevaardigdes word op meer gereelde basis vir ten minste ’n week uit hulle normale werkskedules uitgehaal vir Sinodale vergaderings. Dit is tans al moeilik vir voltyds werkende ouderlinge om beskikbaar te wees vir afvaardiging (vgl Acta 2006:824, 7).

1.2.4.4 Mees geskikte tyd: die grootste uitdaging in die beplanning van Sinodes is om verblyf te reël vir al die afgevaardigdes. Die enigste beskikbare tyd hiervoor is Januarie. In Potchefstroom is daar geen genoegsame verblyf na middel Januarie beskikbaar nie (a.g.v. vasgestelde programme in akademie, sport, kultuur). ’n Alternatief sou wees om die Sinode na ’n ander plek te verskuif, maar die hele logistieke struktuur is by die Administratiewe Buro en die Teologiese Skool (o.a. die Biblioteek). Tydelike verskuiwing hiervan is logisties problematies en gaan groot kostes meebring.

1.2.5 Ander kerke

1.2.5.1 NGK – die NG Kerk wys Sinodale kommissies aan wat in hulle opdragte en voorkomende sake afhandelingsbevoegdheid kry. Hierdie verskil egter van KO, art 49.

1.2.5.2 Kerke in Nederland: Nederland het die voordeel van baie kleiner afstande, wat meebring dat meerdere vergaderings makliker (en dus meermale) opgeroep kan word. ’n Vergelyking met die GKSA laat nie reg geskied aan die werklikhede eie aan Suid-Afrika nie.

Besluit: Kennis geneem van 1.2.1 tot 1.2.5.2.

1.3 *Uitstaande sake Algemene Sinode*

1.3.1 Appèlle prof L Floor, br JPL Reinecke en prof JJ vd Walt, en Geref Kerk Linden teen besluit Nasionale Sinode 1988 (vgl Acta Alg Sinode 1988:78–128). Beide Appèlle het geslaag, wat beteken dat die saak eintlik weer deur Nasionale Sinode 1991 behandel moes word. Dit het egter nooit gebeur nie. As onafgehandelde saak (KO, artt 30 en 46) moet hierdie Sinode die saak (Beswaarskrif deur Geref Kerk Linden) weer in behandeling neem en afhandel.

1.3.2 Deputate vir Interkerklike Diakonale korrespondensie (vgl Acta Algemene Sinode 1988:30–38 en 168, art 73.6)

1.3.3 Dag van verootmoediging (KO, art 66) (vgl Acta Algemene Sinode 1988:40–46)

1.3.4 Afhandeling van Kerkordeboekie (vgl Acta Algemene Sinode 1988:56 & 57)

1.3.4.1 Acta Nasionale Sinode 1991:549–550 – KO, art 11

1.3.4.2 Acta Nasionale Sinode 1994:639 e.v. wysigings aan Kerkordeboekie

1.3.4.3 Acta Nasionale Sinode 1997:370 – KO, art 13

1.3.4.4 Acta Nasionale Sinode 1997:562– KO, art 25

1.3.4.5 Acta Nasionale Sinode 1997:526–537 – KO, artt 61, 76 & 77

1.3.4.6 Acta Nasionale Sinode 2003:247, KO, art 20

1.3.5 Studie oor afvaardiging GES (vgl Acta Algemene Sinode 1988:62–77)

1.3.6 Beskrywingspunt Onderwys (vgl Acta Algemene Sinode 1988:144–146, 168, art 73.10)

1.3.7 Beskrywingspunt Klassisse – (vgl Acta Algemene Sinode 1988:146–160): hierdie saak word vervat in die Rapport KO, art 48.

Besluit: Kennis geneem van 1.3.1 tot 1.3.7.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

Die volgende word aanbeveel:

2.1 *Prosedure, frekwensie en duur van Sinode*

2.1.1 Dat die huidige frekwensie behou word, naamlik een keer elke 3 jaar.

Aanbeveling: Dat persone wat met alternatiewe wil kom insake tyd en plek van Sinodes, met 'n volledige voorlegging kom waarin alle relevante faktore verreken is.

Besluit: Goedgekeur.

2.1.2 Dat soveel moontlik sake deur die volle Sinode afgehandel word. Motivering: Deputate het oor 'n tydperk van 3 jaar 'n saak deeglik behandel en gee hulle aanbevelings gemotiveerd.

Vir besluit: Kyk Handelinge 10.1 by 2.8.1.

2.1.3 Dat die Sinode aan mindere vergaderings 'n herderlike skrywe rig om op die verantwoordelikheid vir uitvoering van KO, art 30 te wys (mindere vergaderings neem groter verantwoordelikheid in afhandeling van sake).

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Uitstaande sake*

2.2.1 Appèl teen Nasionale Sinode 1988 – hierdie saak word na 'n Beswaarskriftekommissie verwys om die Sinode te adviseer met die doel om af te handel.

Besluit: Goedgekeur.

Rapport : Kommissie Beswaarskrifte

1. Opdrag: Punt 1.3.1 en 2.2.1.

Nasionale Sinode 1991 het nagelaat om sy besluit rondom die Nagmaalstafel te hersien na aanleiding van 'n vroeëre Beswaarskrif van Geref Kerk Linden. Hierdie onafgehandelde saak (KO, artt 30 en 46) moet deur hierdie Sinode behandel en afgehandel word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 In 1988 moes die Nasionale Sinode 'n Beswaarskrif van die Geref Kerk Linden teen Sinodebesluit 1930 hanteer.

2.2 Die Beswaarskrif van Linden was gerig teen 1930 spesifiek oor die Nagmaalstafel.

2.2.1 Linden het op drie beswaargronde beweer dat om aan die tafel as wesentlike element van die Nagmaalviering 'n wesentlike plek toe te ken, nie vanuit die Skrif aangetoon kan word nie (vgl Acta Nas Sinode 1988:56 ev).

2.2.2 Die Nasionale Sinode van 1988 het die Beswaarskrif van die Geref kerk Linden op geen grond laat slaag nie.

2.3 Daardeur het die Nasionale Sinode 1988 se bevinding daarop neergekom dat vanuit die besluit van 1930 daar wel 'n prinsipiële plek aan die tafel toegeken is en die teendeel nie bewys kon word nie.

2.4 Teen hierdie besluit van Nasionale Sinode 1988 het daar toe twee Appèlle op die Algemene Sinode in 1988 gedien (Acta Alg Sinode 1988:78-128).

2.4.1 Prof L Floor, br JPL Reinecke en prof JJ vd Walt het geappèlleer, so ook die Gereformeerde Kerk Linden in twee aparte Appèlskrifte.

2.4.2 Albei hierdie Appèlle het in hoofsaak die wesentlike elemente van die Nagmaalviering wou aantoon, en het in hulle Appèl die onlosmaaklike verbinding wat daar op grond van 1988 se besluit tussen Nagmaalsbeker en Nagmaalstafel gelê is, wou weerlê (Acta Alg Sinode 1988:78-128).

2.5 Albei hierdie Appèlskrifte het op die meeste van die gronde geslaag, wat in wese die besluit van die Nasionale Sinode 1988 rojeer.

2.6 Regskrenking is aangetoon, en daar is bevind dat die fisiese Nagmaalstafel nie as 'n wesentlike element van die Nagmaalsviering dien nie.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.6.

3. Implikasies van hierdie besluit

3.1 Die Nasionale Sinode het sedert 1988 in gebreke gebly om die implikasies van die geslaagde Appèlle wat op die Algemene Sinode van 1988 gedien het, weer te behandel en af te handel.

3.2 Hierdie saak moes weer deur die Nasionale Sinode van 1991 behandel word, maar dit het nie gebeur nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 en 3.2.

4. Bevinding

4.1 Daar is sedert 1988 baie studie rondom die Nagmaal gedoen. Veral in die Sinodes wat in 2000 (Acta 2000:400) plaasgevind het asook in 2003 is daar prinsipieel en grondig besin waarop wesentlike aspekte en sakramentele handelinge in die Nagmaalsviering duidelik onderskei is.

4.2 Die Nasionale Sinode in 2003 (Acta 2003:538) het na aanleiding van 'n aantal Beswaarskrifte toe 'n duideliker prinsipiële raamwerk daargestel wat op wesentlike aspekte en sakramentele handelinge ooreengekom het.

4.3 Hierdie advies is aan kerke in hulle uitvoering van KO, art 62 voorgehou en aanvaar. Hierdie besluite wat tot die prinsipiële raamwerk gelei het, het die besluite van 1927, 1930 en 1997 vervang.

4.4 Die feit dat hierdie vorige besluite geskrap is, bring allerweë die kerkregtelike feit na vore dat die besluite waarteen onafgehandelde Appèlle gerig was, ook nie meer bestaan nie.

4.5 Die wesentlike aspekte by die viering van die Nagmaal is die brood en die wyn, en die gemeenskaplike drinkbeker het 'n simboliese funksie wat by die sakramentele handeling ons geestelike geloofseenheid in Christus simboliseer. Daarom het die beker saam met die wyn as teken 'n prominente plek en funksie.

4.6 Dit is duidelik dat aan die Nagmaalstafel geen wesentlike betekenis toegeken kan word nie.

4.7 In die sakramentele handeling dien dit slegs as draer van die tekens, en die tafel as sodanig het geen rol in die sakramentele handeling nie.

Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.7.

5. Aanbeveling

Die besluite soos deur die Algemene Sinode 1988 geneem om beide die genoemde Appèlle te laat slaag, word gehandhaaf. Die Nagmaalstafel het geen wesentlike betekenis nie en speel geen prominente rol in die sakramentele handeling nie.

Besluit: Goedgekeur. Die Sinode neem kennis van die besluit van Algemene Sinode 1988.

2.2.2 Deputate vir Interkerklike Diakonale korrespondensie – word na die Kommissie Diakonale sake verwys om die Sinode te adviseer om af te handel.

Aanbeveling:

1) In die lig van die samesmelting van die verskillende Sinodes die opdrag aan die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake (SDDS) om, in samewerking met plaaslike diakonieë, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan mense wat geen kos, klere en onderdak het nie (Rapport SDDS, 4.2.1), asook die besluit dat die SDDS gegewens bekom oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA (Rapport SDDS, 4.2.2).

Besluit: Kennis geneem.

2) Die Sinode ag dat die saak wat aanleiding gegee het tot die verskillende besluite deur die Algemene Sinode (1980-1988) rakende diakonale hulp reeds deur bestaande opdragte aan die SDDS ondervang is (Rapport SDDS, 4.2.1 en 4.2.2).

Besluit: Goedgekeur.

2.2.3 Dag van verootmoediging (KO, art 66) – 'n Rapport is in die Agenda opgeneem en word verwys na 'n Kommissie Samelewing om die Sinode te adviseer om af te handel.

Vir besluit: Kyk Handelinge 20.2.

2.2.4 Afhandeling van Kerkordeboekie (kyk 1.3.4.1 – 1.3.4.6) – word met die aangehegte Rapport (Bylae 1) verwys na die Kommissie Kerkregtelik om die Sinode te adviseer om die saak af te handel.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.5 Studie oor afvaardiging GES – word verwys na die Kommissie Ekumenisiteit om die Sinode te adviseer vir afhandeling.

Besluit: Hierdie opdrag verval.

2.2.6 Beskrywingspunt Onderwys – word verwys na Kommissie CO om met die Deputaterapport te integreer vir afhandeling.

Besluit: Relevante opdragte word geïnkorporeer in die opdragte wat aan die benoemde Deputate vir Christelike Onderwys gegee word.

11.2 RAPPORT DEPUTATE NASIONALE SINODE – PROSEDURE VIR BEHANDELING VAN APPÈLLE (Artt 13, 186)

O. Ds CA Jansen lewer die Rapport.
P. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.
Q. Dr WC Opperman rapporteer namens die Kommissie Kerksake: Histories en Kerkregtelik.

R. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Opdrag*

Acta 2006:44, 2.3 "Om 'n werkbare metode, wat ook aan die vereistes van die Kerkorde en die Skrifbeginsels van reg en geregtigheid voldoen, voor te lê, waarin Appèlle buite die normale vergadertyd van Sinodes behandel en afgehandel kan word."

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Werkswyse*

1.2.1 Besluite van vorige Sinodes is nagegaan.

1.2.2 Die proefskrif van dr GJ Meijer, "Appèl met die oog op regsherstel", is gebruik, asook die webwerwe van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (Rapporte "Appèlzaken naar KO, art 31"), Christelijk Gereformeerde Kerken, Nederlandse Gereformeerde Kerk is besoek. Dr Meijer het aan die Appèlprosedures van verskeie kerke in sy proefskrif aandag gegee.

1.2.3 Hierdie Rapport word soos volg ingedeel:

1.2.3.1 Oorsig van vorige Sinodes se besluite

1.2.3.2 Beginsels/wesenlike aspekte (sake wat die vergadering beoordeel)

1.2.3.3 Elemente van belang in Appèlprosedures (sake wat die vergadering beoordeel)

1.2.3.4 Praktiese oorwegings vir die hantering van en afhandeling van Appèlle (sake waaroor die vergadering beoordeel)

1.2.3.5 Voorstel (sake waaroor die vergadering besluit).

1.3 *Vorige Sinodes*

1.3.1 Sinode 1933 keur 'n Beskrywingspunt goed wat vra dat 'n Kommissie benoem word om die behandeling van Appèlle te reël (Acta, 1933:45)

1.3.2 Sinode 1936 vind sekere tekortkominge in die Kommissie se Rapport, maar twee belangrike sake kom wel tot goedgekeurde besluit, naamlik drie beginsels waarop KO, art 31 wys, en dat 'n appèllant binne 6 weke nadat hy skriftelik kennis van 'n beslissing gekry het, kennis moet gee van voorneme om te appèlleer (Acta, 1936:167–169)

1.3.3 Sinode 1939 aanvaar drie beginsels vir Appèl (sien 1.3) en gee reëlings i.v.m. prosedure (Acta, 1939:144 & 145)

1.3.4 Sinode 1973 gee gevolg aan 'n Beskrywingspunt waarin die reg tot repliek deur appèllant en verweerder by die prosedure gevoeg word (Acta, 1973:191)

1.3.5 Sinode 1985 gee gevolg aan 'n Beskrywingpunt waarin 'n prosedurereëling met betrekking tot die tyd van indiening van 'n Appèl bygevoeg is. (Acta, 1985:524–525)

1.3.6 Sinode 1991 gee op 'n bepaalde wyse gevolg aan 'n Beskrywingspunt, sodat 'n Kommissie/Deputate vooraf oor die ontvanklikheid van Appèlle en Beswaarskrifte oordeel en die Sinode daaroor adviseer (Acta, 1991:539–540)

1.3.7 Sinode 1997 gee gevolg aan 'n Beskrywingspunt waarin die verantwoordelikheid van die appèllant t.o.v. getuies/getuienis gereël word (Acta, 1997:545–546) (vgl ook Meijer, 2006:227–233).

Besluit: Kennis geneem van 1.2 tot 1.3.7.

2. Sake wat die Sinode beoordeel

2.1 *Beginsels vir Appèl*

Sinode 1939 (Acta, 1939:144 & 145) het drie beginsels vir Appèl gegee:

2.1.1 by die krenking van reg

2.1.2 die meerderheid beslis

2.1.3 kerklike besluite is geldig tensy hulle in stryd is met Gods Woord

2.1.4 Die beginsels (wesenlike aspekte) behels dan die volgende:

2.1.4.1 Reg: regskrenking behels nie alleen persoonlike regskrenking nie (Visser, 1999:141–142), maar sluit beslis in die krenking van die Here se reg en by die ontstaan van onreg in die gemeente/kerk (Bouwman, 1970b:24, 41 & 42; Meijer, 2006:121–123). In die kerk is die reg van God in Christus bo alles van belang, soos dit ook tot openbaring kom in die liggaam (kerk) van Christus.

2.1.4.2 Sonde & versoening: regskrenking hou in dat konflik bestaan (vgl Meijer, 2006:125). In die hantering van konflik is die Skrifuitsprake oor die sonde (Rom 3:10–17; Ps 51:7) en die belydenis (NGB, art 15) onontbeerlik. Daarom dat in konflikhantering die versoening sentraal moet staan (vgl 2 Kor 5:19 & 20). Deur versoening word die reg herstel.

2.1.4.3 Eer van God: die belang/e van God moet die swaarste weeg en nie persoonlike belang nie. Daarom moet ter wille van God se eer gesoek word om die onreg deur die teenparty te herstel (vgl Meijer, 2006:127). God se eer word gedien in die vrug van die Gees (Gal 5:22). In nader woorde: dat gedagtes, woorde en werke ooreenkomstig Gods Woord sal wees (HK, 47:122).

2.1.4.4 Geloofs- en liefdesgemeenskap: Appèl wat gedring word deur versoening en gerig word op regsherstel, soek die stigting van die geloofs- en liefdesgemeenskap. Die Skrif fokus op “ook die onderkleed” en “die tweede myl” (Matt 5:41), die ander hoër ag as jouself (Fil 2:3) en die belange van ander soek (Fil 2:4).

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.1.2.4.

2.2 *Elemente van belang in Appèlprosedure*

2.2.1 Appèllant – ooreenkomstig KO, art 31 is die Appèllant ’n persoon/e wat deur die uitspraak van ’n kerklike vergadering verongelyk is. Die grond vir Appèl is regskrenking.

2.2.1.1 Sy motief: vanuit die Skrif moet in alles die eer van God gesoek word, met die erkenning dat niemand in homself/haarself voor God regverdig is nie (Rom 3:10–17). Daarom moet in sake van Appèl die vrug van die Gees geopenbaar word (Gal 5:22).

2.2.1.2 Sy doel: die versoening, of herstel deur Christus se versoening, moet die uiteindelike doel wees (2 Kor 5:20). Versoening is (vertikaal) tot eer van God, (horisontaal) tot stigting van die geloofsgemeenskap en tot heil van die Appèllant (vgl Meijer, 2006:129).

2.2.2 Die Partye – in alle geskille (konflik) is duidelik twee partye. Dit is die partye wat van mekaar verskil. Daar kan egter sprake van “derdes” (Meijer, 2006:132) wees, wanneer ’n Appèlsaak meer persone as net die twee betrokke partye raak (byvoorbeeld ’n Appèl wat ’n persoon/e raak).

2.2.3 Die Regter: Die hoogste Regter is God, in Jesus Christus. Kerke en kerklike vergaderings wat tot regspraak geroep is, staan in diens van Christus (Du Plooy, 1979:131). Volgens KO, art 31 word beroep gedoen op kerklike vergaderings vir regspraak. Kerklike vergaderings moet in die Naam van Christus regspreek.

2.2.4 Regsherstel: Appèl word gedoen in geval van regskrenking (kyk 2.2.1). In die herstel van gekrenkte reg is die versoening van Christus deurslaggewend (kyk 2.2.1.2). Daarom behoort ruimte geskep te word vir alternatiewe vorme van geskilbeslegting (Meijer, 2006:198–206), naamlik:

2.2.4.1 arbitrasie (1 Kor 6:5): ’n arbiter uit eie geledere bied ’n uitweg vir geskilbeslegting tussen twee partye waar ampsdraers nie by magte is om ’n konflik op te los nie.

2.2.4.2 Mediasie: deur middel van ’n onafhanklike derde (bemiddelaar) probeer partye konflik in der minne skik. Hierin fokus die partye op die versoening in Christus. Die voordeel is dat beide partye saam ’n oplossing soek en vind.

2.2.4.3 Advies: advies deur ’n onafhanklike derde persoon/e word deur die partye aanvaar met die oog op ’n ooreenkoms. Kerklike advies het minder vormvoorskrifte (soos bv by Appèl) en kan ’n geskil vinniger skik.

2.2.4.4 Wyse persone: ’n aantal lede van ’n kerklike vergadering word aangewys om in loco na ’n oplossing vir ’n geskil te soek. Dit skep ruimte vir versoenende gesprek.

2.2.4.5 Kerkvisitasie – KO, art 44: visitatore kan ’n belangrike rol speel in die beslegting van geskille, wat moontlike eskalasie van konflik kan voorkom.

2.2.4.6 Slotsom: alternatiewe vorme moet, waar die situasie dit toelaat, gebruik word, voordat tot Appèl (as regshandeling) oorgegaan word. Nie alle konflik hoef ’n juridiese pad op te gaan nie. Aan die ander kant kan alternatiewe vorme nie gebruik word om regspraak te ontduik nie.

Besluit: Kennis geneem van 2.2 tot 2.2.4.6.

2.3 *Praktiese oorwegings*

2.3.1 Probleem: Twee probleme in die hantering van Appèlle is tyd en kundigheid. Heelwat vergadertyd word gebruik om Appèllant en Verweerder aan te hoor in die stel van die Appèl en repliek. Hiermee saam is min afgevaardigdes werklik op hoogte van die geskiedenis van ’n konflik (wat oor weke of maande al aan die gang is) en moet binne ’n kort tydsbestek volledig op hoogte kom. Hierdeur kom verantwoordelike regspraak in gedrang. Afgevaardigdes het, as dienaars van Christus, die taak om reg te spreek.

2.3.2 In die GK(V) en PKN is alternatiewe prosedures in plek gestel. Die mees gewenste lyk na die aanbevelings van die Appèldeputate (GK(V)) in hulle Rapport in November 2004. Die grootste verskil in praktiese situasie tussen Nederland en Suid-Afrika is afstand wat praktiese uitvoerbaarheid negatief kan beïnvloed.

2.3.3 Vir praktiese prosedure vir Appèl na die Algemene Sinode word die volgende oorweeg:

2.3.3.1 Deputategroepe

2.3.3.1.1 In die GKSA word drie groepe Appèldeputate aangewys (KO, art 49). Een groep vir Streeksinodes Oostelik, Randvaal en Pretoria, een groep vir Streeksinodes Vrystaat & Kwazulu-Natal en Suidkaap, en een groep vir Streeksinodes Noordwes & Bosveld.

2.3.3.1.2 Elke groep Appèldeputate bestaan uit 6 primi en 6 sekundi waarin ten minste 2 juriste (wat ook dien as ouderlinge) en 2 predikante (met verkieslik kundigheid op die terrein van kerkreg) benoem word.

2.3.3.1.3 Die Algemene Sinode wys die sameroepers en skribas van die Deputategroepe aan.

2.3.3.1.4 Indien ’n lid van die Deputategroep reeds by ’n saak betrokke was, word een van die sekundi in sy plek opgeroep.

2.3.3.1.5 Reis- en verblyfkoste vir elke Deputategroep is die verantwoordelikheid van die GKSA (binne ooreengekome tariewe).

2.3.3.2 Indiening van Appèl

2.3.3.2.1 Die Appèllant bly primêr verantwoordelik vir indiening van Appèl volgens besluite van die onderskeie Sinodes.

2.3.3.2.2 Appèlskrifte moet aan die ooreengekome vereistes voldoen.

2.3.3.2.3 Appèllante dien die Appèl per e-pos en skriftelik (twee kopieë) by die Roepende Kerkraad van die Algemene Sinode in, asook per e-pos en skriftelik (sewe kopieë) by die skriba van die betrokke Deputategroep. Die Deputategroep verleen advies aan die Appèllant indien gebreke bestaan oor die vereistes waaraan ’n Appèlskrif moet voldoen en gee die Appèllant geleentheid om dit binne vasgestelde tyd aan te vul.

2.3.3.2.4 Die Appèllant gee kennis van Appèl aan die betrokke kerklike vergadering teen wie se besluit/e geappèlleer word.

2.3.3.2.5 Reiskoste en verblyfkoste is die eie verantwoordelikheid vir beide partye in ’n geskil.

2.3.3.3 Handelinge van die Deputategroep

2.3.3.3.1 Die Deputategroep ontvang bevoegdheid om alternatiewe werkswyses te gebruik om ’n geskil te besleg (kyk 2.2.4).

2.3.3.3.2 Die Appèlskrif word deur die Deputategroep vir ontvanklikheid getoets.

2.3.3.3.3 Die betrokke Deputategroep neem so spoedig moontlik kennis van die Appèlskrif en begin voorberei vir die behandeling daarvan deur die Algemene Sinode.

2.3.3.3.4 Die partye in geskil is diegene wat oorspronklik by die beswaar betrokke is. Die partye sal alle gevraagde inligting en dokumente wat op die geskil betrekking het, aan die Deputategroep beskikbaar stel. Die Deputate sal toesien dat die partye volledig ingelig is oor die inligting en dokumente wat van weerskante in die behandeling van die saak ter tafel gebring is. Wanneer dokumente vertroulik is, rus die onus op die Deputategroep om sodanige dokumente aan een of beide partye (wanneer deur ’n party versoek) beskikbaar te stel, of slegs die karakter van die vertroulike dokument te noem.

2.3.3.3.5 Die Deputategroep sal so gou moontlik beide partye aanhoor (audi alteram partem). Partye word in mekaar se teenwoordigheid aangehoor. Kerklede, visitatore en ander persone wat regstreeks deur die saak geraak word of in die regsgang van die saak betrokke was, kan ook deur die Deputategroep aangehoor word.

2.3.3.3.6 Partye in geskil het die reg om in skriftelike en mondelinge kontak met die Deputategroep bystand te bekom.

2.3.3.3.7 Die Deputategroep kan kundige advies inwin, mits die noodsaaklike geheimhouding daarby in ag geneem word.

2.3.3.3.8 Van alle besprekings tydens ’n vergadering van die Deputategroep word Notule/Verslag gehou wat aan die partye in geskil beskikbaar gestel word.

2.3.3.3.9 Die Deputategroep stel ’n Rapport met konsepbesluit op. Hierdie konsepbesluit moet motivering vir besluit, asook aanbevole remedie (regsherstel as versoening), insluit. Die Rapport met konsepbesluit word twee weke voor die die aanvang van ’n Algemene Sinode se sitting ingedien (by die Administratiewe Buro, Deputate Agenda) en die Deputate Programmering beveel die wyse van behandeling aan. Die Deputate Programmering bring alle partye in die geskil hiervan betyds op hoogte.

2.3.3.4 Behandeling en afhandeling deur die Algemene Sinode

2.3.3.4.1 By behandeling van ’n Appèl sal ten minste twee lede van die betrokke Deputategroep teenwoordig wees om die Rapport te stel en toe te lig. Hierdie lede kan die Sinode van verdere advies bedien.

2.3.3.4.2 Die betrokke partye in geskil kry die reg om hulle saak toe te lig (hierin word die geleentheid tot repliek – dws ’n tweede keer aan die woord kom – uitgeskakel). Indien die Sinode dit wel so sou aanvaar, beteken dit dat ’n besluit van Sinode 1973, art 66 herroep moet word.

2.3.3.4.3 Afgevaardigdes van ’n Steeksinode (en mindere vergadering binne die ressort van die betrokke Streeksinode) vorm nie deel van die behandeling van die Appèl nie. Wanneer die Algemene Sinode besluit om oor ’n Appèl in camera te gaan, sal lede van die Sinode wat by die regsgang van die Appèl betrokke is/was, die vergadering verlaat voordat met behandeling begin word. Dieselfde geld ook partye in geskil (nadat hulle toegelaat is om hulle saak toe te lig).

2.3.3.4.4 Die besluit van die Algemene Sinode behoort die volgende te bevat:

(i) Die besluit van die mindere vergadering waaroor die geskil ontstaan het
(ii) Samevatting van die besware wat die Appèllant daarteen ingebring het
(iii) Samevatting van die verweer van die mindere vergadering
(iv) Verantwoording van die gronde waarop die uitspraak van die Algemene Sinode berus

(v) 'n Duidelike uitspraak van die Algemene Sinode oor die Appèlskrif
(vi) Waar nodig, 'n aanduiding van die regsgevolge van die besluit van die Algemene Sinode
(vii) Aanwysing van die weg tot regsherstel en versoening.

Die besluit word skriftelik aan die partye in geskil deurgegee, nie later nie as veertien dae (14) na die verdaging van die Algemene Sinode.

2.3.3.4.5 Indien daar omstandighede is, buite bogenoemde reëling, besluit elke Algemene Sinode self daaroor.

Besluit: Kennis geneem van 2.3 tot 2.3.3.4.5.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

Die Deputate beveel aan:

3.1 Dat alternatiewe vorme van geskilbeslegting beklemtoon word(vgl 2.2.4).

3.2 Dat 2.3.3 goedgekeur word as praktiese prosedure in behandeling van Appèlle.

3.3 Dat die besluit van Sinode 1973 (Acta:191, art 66) herroep word.

Besluit: Kennis geneem.

4. Aanbevelings van Kommissie

4.1 Die Kommissie beveel aan dat die Sinode, met dank aan die Deputate, van die Rapport in geheel kennis neem.

4.2 Die Sinode wys Deputate aan om 'n grondige studie oor die volgende aspekte te maak:

4.2.1 aandag aan geskilbeslegting as versoeningstaak van die plaaslike kerk en van meerdere vergaderings

4.2.2 die onderskeid tussen die hantering van die Appèlprosedures enersyds en andersyds die wyse waarop onenigheid/geskille en onderlinge twiste kerklik hanteer moet word

4.2.3 die daarstelling van meganismes ten einde te verseker dat Appèlle beperk word tot wesenlike sake

4.2.4 hoe tussen Appèlle en Beswaarskrifte onderskei moet word

4.2.5 die wesensverskille tussen kerklike en staatlike regsprosesse, en

4.2.6 die moontlikheid daarvan om appèlle buite die volle vergadering van die Sinode te laat afhandel, byvoorbeeld deur 'n *Synodus Contracta*.

4.3 Die Studiedeputate kan gebruik maak van beskikbare kundigheid op hierdie terrein sowel as van navorsing oor die Appèlprosedures van kerke wat met die GKSA in ekumeniese eenheid staan.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

11.3 RAPPORT DEPUTATE ALGEMENE SINODE – TAAL (Art 15)

S. Ds CA Jansen lewer die Rapport.

T. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 Die Deputate Nasionale Sinode se opdrag is in Sinode 2006 se Handelinge (p842) vervat. Hiermee saam het die Deputate ook punte 2.3.2 (p387) en 4.2.1 (p389) in berekening gebring – taalkwessies.

1.2 Alhoewel taalkwessies nie 'n direkte opdrag (KO, art 49) was nie, het die Deputate geoordeel dat in die beplanning van die Sinode sekere aksies geneem moes word om mee te werk dat die Sinode so vlot doenlik kan verloop.

1.3 Die Deputate het die Agenda en Aanvullende Agenda in beide Afrikaans en Engels voorberei. Afgevaardigdes kry elkeen 'n gedrukte kopie in die taal van hulle keuse. Aan die kerke is die Agenda op CD beskikbaar gestel.

1.3.1 **Motivering:** besparing van koste.

1.4 Die Deputate het 'n woordelys Afrikaans-Engels saamgestel as hulpmiddel in vertaling. Hierdie lys is beskikbaar vir Deputategroepe, Kommissies en die GKSA-webwerf.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

Die Deputate beveel aan:

2.1 Die Agenda en Aanvullende Agenda word in die toekoms in Afrikaans en Engels in gedrukte kopie beskikbaar gestel aan afgevaardigdes en op CD aan gemeentes, totdat tyd en omstandighede aanpassings vereis.

2.2 Die algemene spreektaal tydens die Sinode is Afrikaans, en daar sal gelyklopend in Engels getolk word (hiervoor is gehoorpunte beskikbaar).

2.3 Afgevaardigdes (wanneer dit sy spreekbeurt is) druk hom uit in die taal waarin hy die gemaklikste is en dit word (in die geval van ander inheemse, amptelike tale) in Afrikaans en/of Engels getolk.

2.4 Alle dokumente, gedruk en op skerm, verskyn in Afrikaans en Engels.

Besluit: Goedgekeur.